**<u>Aanddiens:</u> 24 Augustus 2025**
**<u>Leraar</u>**: Johann Herbst
**<u>Tema</u>: Los jou Krukke by die Kruis**

## Die Vraag

Wat is daardie een ding in jou lewe wat jou verskriklik geestelik laat voel?

Wat is daardie ding wat jou verskriklik verlore laat voel?

## Die Storie van die Jode en die Gentiles se vyandskap

Lees gerus die volgende saam:

**Matt 20:10-16 – Die werkers en hulle lone**

**Lukas 7:36-50 – Simon en die Sondige vrou**

Let op in hierdie skrifte wat die besware was van die karakters in die twee gedeeltes. Die karakter het n beswaar omdat hy geregtig voel tot iets OF die karakter is totaal en al verlore. Vir die verlorenes in hierdie gedeeltes bring Jesus hoop en herstel maar vir die "geestelikes" wat die besware bring spreek hy aan. Kyk wat se Paulus in die volgende

## Die Skrif aan die Jode en Heidene

**Efesiërs 2:11-18**

11Daarom, onthou dat julle destyds **volgens julle sondige aard heidene was**. Julle word **onbesnedenes** genoem deur diegene wat besnedenes genoem word, al is dit bloot liggaamlik deur hande verrig. 12Onthou dat julle in daardie tyd **sonder •Christus** was, **uitgesluit** van die burgerskap van Israel en **vreemdelinge** ten opsigte van die **verbondsbeloftes**, **sonder hoop** en **sonder God** in die wêreld. 13Maar nou, in Christus Jesus, het julle, wat destyds ver weg was, **naby gekom deur die bloed** van Christus.

14Hy is immers ons vrede – Hy wat albei één gemaak het, en die middelmuur van skeiding, die vyandskap, deur sy liggaam afgebreek het. 15Hy het die **wet met sy eise en reëls tot niet gemaak**, sodat Hy, deur vrede te maak, in Homself die twee tot een nuwe mens kon skep, 16en sodat Hy albei **in een liggaam met God kon versoen** deur die kruis, deurdat Hy daaraan die **vyandskap vernietig** het. 17 En Hy het vrede as goeie boodskap aan julle kom **verkondig**, aan julle wat **ver** was, en ook vrede aan diegene wat **naby** was. 18 **Want deur Hom het ons albei toegang tot die Vader deur een Gees.**

## Die Beginsel – Hy het vyandskap kom breek in elke een

- Vir die Jode is die wet vervul en enige besware of trots of enige rede om te spog is afgebreek omdat Jesus nou geregtigheid verskaf in die nuwe verbond.
- Vir die Heidene is daar nou 'n geleentheid vir 'n nuwe verbond van beloftes. Hulle was op 'n tyd uitgesluit maar is nou ingesluit en het dus nou geen verskoning of hindernis om by God uit te kom nie.

- Al twee loop nou op dieselfde plein – vergewe en versoen met God – op grond van die Kruis.
- Die Jode het nie meer rede om te spog oor hulle goeie gedrag nie
- Heidene het nie meer rede om te se hulle is uit die Verbond gesluit nie
- Almal het nou vir God nodig, op dieselfde plein.
- Dit is wanneer ons seën word in ons geloof, dat ons verstaan dat Jesus die een is wat red, dan breek dit die mure van ons hostillity af in ons midde.

**Hy moes dit in elke een km breek**

- Vir die Jode moes hy mense genees op die Sabbat en aan siekes vat.
- Vir die Heidene moes hy genees en deur wonders wys dat van God se kant af daar nou  aanvaarding is vir die heidene.
- Die Jode se kruk, of hulle barrier was die wet en die pride wat saam met dit gekom het – Jesus het dit kom breek
- Die Heidene se barrier was hulle verlorenheid – Jesus het daardie afstand ook kom breek.

## Die Toepassing

As daar enige redes is wat jou laat meer geestelik voel of meer Heilig laat voel moet jy dit voor die kruis bring – want Jesus bring jou op dieselfde plein as enige iemand anders wat Heilig is of onheilig is.

Voel jy verlore – Jy het nou geen verskoning – Jesus het die pad oopgemaak.

Wat is die crutch in jou?

In elke area van die lewe confront sy teenwoordigheid ons crutches

- Hy breek die muur van verlorenheid af in jou lewe
- Hy breek die muur van trots af in jou lewe – you have no merrit to bring.

Die mense in die vineyard se erf het nie baie gespreek van die betaling wat hulle aan die einde van die dag gekry het nie.

Simon en die vrou was op dieselfde plein hanteer in daardie oomblik.